



Vredeskomitees Berei Stalin Se Verowering Voor

Die vyfde kolonniers van Stalin is druk besig om die wêreld voor te berei vir Rusland se alleenheerskappy. Onderwyl, soos verlede week in ons blad berig is, Rusland hom inrig om oor twee jaar die Westerse staatsmanne te vra om „hul beursies te oorhandig”, is „vriende van die Sowjet” besig om in die Weste ’n „Wêreldvredebeweging” te loods. Ook in Suid-Afrika het die „Friends of the Soviet Union” by geleentheid van die herdenking van die Kommunistiese revolusie in Rusland, besluit dat dit noodsaaklik is dat ’n „vredeskomitee” in ons land gestig moet word.

Stalin se vriende weet wat die uitwerking van ’n sogenaamde vredesbeweging in die parlementêr-demokratiese lande van die Weste kan hê, waar steenbewuste partypolitici met mekaar sal wedywer om die stemme van die „vredesoekers”. Dit is iets waaroor Stalin se vriende nie hoef te teoretiseer nie — hulle het reeds ’n geskiedkundige voorbeeld in Engeland. In November 1936 het Stanley Baldwin, destydse eerste minister, op die verwyf dat hy Engeland nie bewapen het ten spyte van die bewapening van Duitsland nie, as volg verskoning gemaak:

„Van 1933 af was ek en my vriende baie bekommerd oor wat in Europa aan die gang was. Op daardie tydstip het die ontwapeningskonferensie gesit, en het daar ’n groter vredesgevoel in hierdie land geheers as op enige ander tydstip sedert die oorlog. My posisie as partyleier was nie

baie maklik nie. Ek het myself afgevat: „Watter hoop is daar dat hierdie gevoel so sal verander dat die land oor ’n jaar of twee opdrag tot bewapening sal gee?” As ek nou na die land gegaan en gesê het, Duitsland is besig om te bewapen; ons moet ook bewapen, is daar iemand wat dink dat hierdie vredeliewende demokrasie daardie kreet sou ondersteun het? **EK KAN NIE AAN IETS DINK WAT DIE VERLIES VAN DIE VERKIESING VAN MY OOGPUNT BESKOU SEKERDER KON GEMAAK HET NIE.**”

Hierdie partyleier was bereid om sy land se veiligheid op te offer vir sy groen kussings, en die Kommuniste weet dat dieselfde regeringstelsel hier en elders nog bestaan, sodat dit moontlik is om verdediging teen Stalin ook op hierdie wyse te saboteer. Vandaar die groot ywer vir „vredeskomitees”.

Republikeinse Strydfonds Amptelik Ontbind

Die Republikeinse Strydfonds van die H.N.P. het, te oordeel uit ’n kennisgewing in die Staatskoerant, opgehou om te bestaan sonder dat die doel waarvoor dit gestig is, bereik is.

In die jare voor die einde van die oorlog is die Republikeinse Strydfonds gestig met die doel om die H.N.P. van die nodige middele te verskaf om die ideaal van ’n Suid-Afrikaanse Republiek te verwesenlik. Die „silwerkoeëls” waarmee vir die Republiek geveg sou word, het so vinnig ingestroom dat die Federale Raad op 20 September 1944 kon aankondig dat reeds £28,000 vir die fonds ingesamel was.

’n Voltydse organiseerder in die persoon van dr. A. J. R. van Rhyn is aangestel en op 13 Junie 1945 is bekend gemaak dat die Vrystaat se bydrae alleen op £11,042 staan. ’n Paar maande later, op 2 Oktober 1945, is aangekondig dat nog ’n organiseerder aangestel is in die persoon van mnr. P. J. Becker. Hoe groot die fonds uiteindelik was, is ons nie bekend nie. Maar in Julie 1945 is die Republikeinse Strydfonds geregistreer as ’n maatskappy wat die geld sou beheer en bestee. Die direkteur van die maatskappy was dr. D. F. Malan, mnr. J. G. Strydom, mnr. C. R. Swart en genl. J.C.G. Kemp.

NA YSKAS

Op 23 September 1946 het dr. Malan in ’n toespraak op Somerset-Wes sy party se „onmiddellike toekomsplanne” uit-

eengesit en aangekondig dat die volgende verkiesing nie oor ’n republiek sal gaan nie. „Daar is ander dringender vraagstukke wat opgelos moet word voordat die volk ryp is vir ’n republiek”, het dr. Malan gesê. Sedertdien is daar steeds minder van ’n republiek in H.N.P.-leierskringe verneem.

NA ASBLIK

Ná dr. Malan se bewindsaanaarding is die republikeinse ideaal heeltemal op die agtergrond geskuif en by sy terugkeer uit Londen in April 1949 het dr. Malan in die parlement verklaar

„En op een punt voel ons nou eens en staan ons bymekaar, en dit is dat ons graag by die Statebond in enige omstandighede wil bly.” (Hansard No. 15).

Van hierdie toespraak het ’n

Die Verhaal van Katyn

DUITSE LEIERS MOES BOET VIR RUSSIESE MOORD OP POLE

Ten spyte van alle getuienis wat onbetwisbaar bewys dat Rusland die Poolse offisiere in die bos van Katyn en elders vermoor het, het die Westerse moondhede teenoor Stalin toegestem om die Duitse leiers in Neurenberg formeel aan te kla van die massamoord op die Poolse offisiere. Wat die hele saak nog verskrikliker maak is dat dit aan die Russiese deel van die regbank oorgelaat was om die Duitsers weens die beweerde „misdade” in Oos-Europa te vervolg en te vonnis.

Die oud-Poolse eerste minister, Stanislaw Micolajczyk, wat self ’n bitter vyand van die Duitsers is, verklaar in verband hiermee in sy boek, *The Pattern of Soviet Domination*, dat die Westerse paaibeleid van Stalin selfs tot in hierdie geregshof onbeteueld deurgevoer is — ten spyte van die feit dat die dokumente in verband met die moord in Amerikaanse hande geval het by die Duitse oorgawe.

Hier is die verhaal van Katyn soos deur Micolajczyk meegedeel:

Na die inval deur Rusland in Pole in 1939 het die Rooi Leër ongeveer 250,000 Poolse troepe krygsgevangene gemaak. Mettertyd is die manskappe van die offisiere geskei en is eersgenoemde na arbeidskampe gestuur en in sommige gevalle na die Duits-besette deel van Pole gepadrië waar die Duitsers hulle vir arbeidsdoeleindes gebruik het. Maar omdat die Duitsers hulle wou hou aan die Haagse Konvensie, wat belet het dat offisiere moes werk, was hulle nie begerig om offisiere te ontvang uit Rusland nie. Gevolglik is die Poolse offisiere in drie groot Russiese kampe aangehou. Die Kozielsk-kamp het 4,500 offisiere bevat, die kamp by Starobielsk 3,920 en die kamp by Ostashkov ongeveer 6,500 offisiere, militêre polisie en grenswagte.

Tussen April en Junie 1940 het die offisiërskamp by Parlishter Bor 245 man van Kozielsk, 79 van Starobielsk en 124 van Ostashkov ontvang—in geheel 448 man. Tussen 350 en 400 van hierdie offisiere is uiteindelik na Gruzavietz geneem en hulle was die enigste van die oorspronklike groep van

14,920 offisiere wat hulle by genl. Anders se hoofkwartier aangemeld het in 1941. Die res van die krygsgevangenes was vermoor, en wel nadat aan hulle belowe was dat hulle teruggestuur sou word na Pole. Hulle is toe toegelaat om aan hulle familie te skryf van die plan dat hulle teruggestuur sou word, en die Poolse Rooi Kruis het reëlings getref om hulle te ontvang.

OFFISIËRE BLY

Hierdie aankondiging het gespruit uit ’n ooreenkoms tussen die Russe en Duitsers dat al die Pole in Russiese besit aan Duitsland uitgelewer moes word in ruil vir Ukraïners en Wit Russe wat in Duitse hande geval het. Maar later het die Duitsers besluit om nie die offisiere te neem nie omdat hulle kragtens die Haagse Konvensie gevrywaar was van hande-arbeid. Gevolglik het hulle die Russe meegedeel dat hulle die Russiese onderdane sal uitlewer sonder om ontvangs van die offisiere te neem.

Kort daarna is die offisiere, wat intussen ingedeel was volgens hul provinsies, weer deurmekaar gegooi en die drie groot kampe is ontruim. Die manne van Kozielsk is per trein na Gniezdovo geneem waar busse hulle in groepe van 30 na die naby geleë bosse vervoer het om doodgeskiet te word. Sonder uitsondering het al die liggame wat in Katyn gevind is, agterkopskote gehad — ’n byna amptelike vorm van Russiese likwidasië. Ongeveer 250 van die lyke se hande was agter hul rug vasgebind gewees, terwyl die koppe van ander deur hul baadjies bedek was voordat die skietery plaasgevind het. Die toue was van Russiese maak. Die manne is doodgeskiet met

Duitse rewolwers wat deur Gustav Genschow vervaardig was tussen 1922 en 1931 — ’n soort wapen wat vir uitvoer na Rusland en die Oossee-state geproduseer was. Mediese ondersoek deur ’n raad van der- (vervolg op bladsy 4, kolom 3)

De Gaulle Wil Met Duitsers Saamwerk

Genl. De Gaulle het verlede week gepleit vir ’n beter verstandhouding met Duitsland en gesê dat ’n regstreekse ooreenkoms tussen Frankryk en Duitsland die grondslag moet vorm van die heropbou van Europa. Hy het aangedring op ’n algehele Franse toenadering teenoor Duitsland en het die beleid van die drie Westerse lande teenoor Duitsland gekritiseer.

Dit is opmerklik dat genl. De Gaulle, toe hy tydens die oorlog vervul was met ’n demokratiese ywer, op een tydstip selfs meer na Moskou geneig het as sommige van die ander Westerse politici. Sedert hy die noodsaaklikheid ingesien het van ’n hervormde staatstelsel sonder politieke partye, het De Gaulle ook tot beter begrip van Europese samewerking gekom.

Kelderkinders

Hierdie Duitse kindertjies woon twintig voet diep onder die grond omdat hul ouers uit hul tuis-tes in Oos-Duitsland verdryf is na Wes-Duitsland waar ongeveer een kwart van alle wonings deur bomme vernietig is. Lees die berig op bladsy twee.



DIE O.B., WOENSDAG, 23 NOVEMBER 1949

HUISIES VAN SAND

In ons kinderdae het ons dikwels huisies gebou van sand. Met soveel sorg en geesdrif is die geboutjies opgerig, en teen die tyd dat alles klaar was, het 'n voorbarige gevoel van heimwee opgewel oor die feit dat hierdie werk alles tevergeefs was en dat die mooi huisies oor 'n dag of twee nie meer daar sal staan nadat die beste of skape oor die pad gegaan het nie. Dit is min of meer met 'n soortgelyke gevoel dat mens al die inspanning van die huidige regering gadeslaan. Met soveel ywer word aan die volk vertel wat môre en oormôre gedoen sal word „in belang van die blanke beskawing” of „in belang van die Afrikanerdom,” en met soveel geesdrif en dankbaarheid word daar deur die onnadenkendes geluister en gehoop. En tog, die stof begin al oor die bult uitslaan wat voorspel dat hierdie huisies van sand nie langer as tot vanaand sal bly staan nie.

Dit was nie nodig om te wag totdat die nasionale koerante 'n „geheime Smutsplan” openbaar het om te beseft dat die werk wat met soveel koste en afmatting deur die regering gedoen word, eerlang weer ongedaan gemaak sal word wanneer die parlementêre wiel sy wenteling voltooi het nie. In 1924 het die Afrikanerdom gejuig toe hy na soveel stryd en tronke baas geword het van sy eie landsbewind. „Nou sal alles reg kom, nou is die Afrikaner se regte verseker,” het die volk geglo. Die Afrikaanse taal is tot sy reg gebring, die natuurleevraagstuk is dadelik aangepak en etlike ander maatreëls is getref om die Afrikaner se posisie te beveilig. En tog, al hierdie werk is later weer tot op die grond afgebreek, en in die donker dae van 1939-1945 het menigeen aan die toekoms van die Afrikaner en sy taal gewanhoop.

PARLEMENTARISME VERWERP

Dit was toe dat die volk in sy verdrukking besluit het om vir eens en vir goed ontslae te raak van die Britse parlementêre stelsel. Die huidige regeringsparty het toe 'n oog gehad vir die onmoontlike toestand wat hierdie stelsel skep, en in 'n verklaring van die Federale Raad op 10 April 1941 is die parlementêre stelsel in die volgende bewoording verwerp:

„Wat ook al ten gunste van die Britse parlementêre stelsel in ander dele van die wêreld gesê mag word, is dit, uit die volksoogpunt beskou, in Suid-Afrika in ieder geval 'n mislukking gewees. Dit het die magsmiddel geword in die hande van die georganiseerde geldmag, wat deur sy eie pers die publieke opinie manipuleer vir sy eie voordeel sowel as ten behoeve van Brits-imperialistiese belange.”

En die huidige Eerste Minister het op 25 Maart 1941 te Stellenbosch gesê dat die parlementêre stelsel „'n karikatuur van die demokrasie” is en „dat wat dit betref, het sprake beswaar dat dit weggeveeg word nie.”

Intussen het die volk na nege jaar waarin sy blote bestaan met ondergang bedreig was — om nie eens te praat van taalregte en tradisies nie — op die draaiende parlementêre wiel weer aan die bokant gekom. Vir baie het dit gelyk of ons „oorwin” het en in die jongste tyd het aanhangers van hierdie oortuiging selfs al begin speel met die idee van hersiening van die geskiedenis wat dit moontlik sal maak vir „nasionale eenheid”, aangesien die Afrikaner se stryd nou volstry is en daar niks meer is om voor te veg nie. Maar nog voordat daar gevolg gegee kon word aan hierdie gedagte — wat net so oud is as die parlementêre wiel self in Suid-Afrika — is die son verduister met die sombere aankondiging deur H.N.P.-blaaie dat genl. Smuts 'n geheime plan gereed het om toe te pas sodra hy weer aan bewind kom. Hy sal die konstitusie dan so verander dat dit die lewe van die Verenigde Party tot 'n maksimum sal verleng.

OPKOMS VAN DIKTATUUR

Met ander woorde, net soos die H.N.P. maatreëls tref of oorweeg om sy verblyf aan die bokant van die wiel so lank moontlik uit te rek, so ook oorweeg genl. Smuts sekere maatreëls om die gang van die wiel soveel moontlik te vertraag die dag wanneer hy weer aan die bokant kom — en dat hy wel daar sal kom waarborg die stelsel waarbinne hy nou reeds aanvaar word as die „alternatiewe regering.” Want sodra hierdie wisselgang van die parlementêre wiel stopgesit word, is die demokratiese skyn ook uit die stelsel. As dr. Malan of genl. Smuts daarin sou slaag om deur wysiging van die konstitusie die wenteling van die wiel dermate te vertraag dat die ander geen kans meer het om bo te kom nie, het ons 'n diktatuur so volmaak as wat dit ontwerp kan word, want die grootste element van 'n diktatuur — uitsluiting van mede-burgers uit die staatsbestuur — is reeds binne die huidige Britse stelsel aanwesig. Al wat dit nodig het om tot 'n volbloed diktatuur te ontwikkel, is dat die posisie bevries word. Wat toevallig op daardie oomblik van bevriesing bo is, is diktator, en wat onder is, is nie meer „alternatiewe regering” nie, dog „vyande van die volk.”

Met die wete dus dat albei partye nou daarna streef om die politieke toestand te bevries, rus daar tans 'n swaer verantwoordelikheid op dr. Malan. Hy is vandag bo. Hy het die mag in hande. Hy kan een van twee dinge doen: Hy kan of self die posisie bevries deur op een of ander — vir ons onbekende — wyse 'n rem aan die parlementêre wiel te slaan en dan self diktator word, of hy kan die parlementêre wiel self verwyder en vervang deur 'n volkstelsel waarin

(vervolg in volgende kolom)

Kindertjies Slaap En Speel 20 Voet Onder Die Grond

(Van Ons Korrespondent in Duitsland)

Ons korrespondent in Duitsland het onlangs 'n besoek gebring aan die vlugtelingkwartiere waar voorheen welgestelde mense uit Oos-Duitsland vandag twintig voet onder die aarde woon in kamertjies van 6 by 9 voet, en waar akute tering die eingeste kwalifikasie is om na die oppervlakte verskuif te word. Hierdie ontsettende toestande is die nasleep van die Westerse politici se toestemming aan Stalin om 'n deel van Pole by Rusland in te lyf in ruil waarvoor die Pole miljoene Duitsers uit hul eeu-oue vaderland kon dryf. Hierdie uitdrijving van miljoene siele het geskied onderwyl die „kampvegters vir die Christendom” besig was om Duitse leiers in Neurenberg te verhoor onder andere weens verskuiwing van mense wat vir arbeidsdiens gewerf was.

Alle vroeëre volkeretrekke verbleek voor hierdie trek van die 20ste eeu, wat volgens die Potsdamse ooreenkoms en deur die here Attlee, Truman en Stalin by wyse van hul handtekening goedgekeur is. „Die Kruistogte van Europa”, het genl. Eisenhower die 2de wêreldoorlog eenmaal genoem — dit is 'n tog van ellende waaraan miljoene en miljoene mense uit Oos-Europa deelneem en wat net hulle lewe — hulle blote lewe — behou het, en onder die mees onmenslike omstandighede nog lewe.

Dikwels slegs met die aller-nodigste klerasie, onder gruwelike mishandeling uit hulle tuiswes weggeja, moes hierdie mense te eniger uur sonder enige besittings vlug. Honderde van hulle: vrouens, kinders, babas, ou mense is in die koudste wintermaande in veetrokke saamgehoek en vervoer na die Weste waar die honger, koue lydende mense in ontvangs geneem is — d.w.s. verbind of — begrawe.

WEET NIKS

Hierdie weg van lyding van miljoene mense is in die jare

(vervolg van vorige kolom)

die hele volk in die regering verteenwoordig sal wees soos in die dae van die Suid-Afrikaanse Republiek—daar die stelsel wat ook dr. Malan se Federale Raad so sterk begeer het in 1941 toe hy gesê het:

„Dit is hierdie stelsel, na omstandighede gewysig en verbeter, waarop ons veilig kan en MOET voortbou. Hierdie verdere uitbouing en verbetering is die taak wat ons leiers op hulle geneem het en waarmee ons hulle wil vertrou.”

Laat dr. Malan en sy regering, waar hulle vandag in daardie magsposisie is waarna die Afrikaner in 1941 gesmag het as 'n byna onbereikbare ideaal, gebruik maak van daardie posisie om te voorkom dat die volk weer aan 'n Empire-party uitgelewer word met al die onderdrukkingsmaatreëls wat die nasionale koerante voorspel. Binne die wiel van die parlementêre stelsel is daar geen redding nie, want elke maatreël van dr. Malan is maar 'n huisie van sand wat môre, oormôre weer platgetrap sal word deur die „alternatiewe regering”.

Daar is net een uitweg in belang van die Afrikanervolk en van Suid-Afrika: Vervang die parlementêre stelsel met vyf- of tienjaarlikse wisselinge van teenstellende regerings deur 'n bestendige stelsel van volksregering soos ons dit gehad het in ons republikeinse verlede. As dr. Malan dit nie doen nie, sal die hernude uitlewering van die Afrikanervolk aan 'n Empire-party sy verantwoordelikheid wees. Die volk sal dan, wanneer sy huisies van sand gelyk geveeg word, onthou dat hy sy eie party aan die mag gehad het en dat nuwe oproepe vir nog 'n kans dan te laat sal wees.

wat gevolg het deur 'n vloed van haat teen alles wat Duits is, oorspoel sodat die Buiteland niks daarvan geweet het nie. 'n Dame wat aan die Amerikaanse besettingsmagte verbonde is, het nou die dag haar verbasing te kenne gegee daaroor dat sy niks van hierdie vlugtelinge geweet het nie. Van die ellendige woonplekke van hierdie vlugtelinge kon hierdie Amerikaanse dame natuurlik niks weet nie — die krotte is nie in die buurtes van deftige villas wat die bomme vrygespring het net om deur die besettingsmagte toegeëien te word nie, maar ver buite, in klein solderkamertjies, op klein plases; in skure en barakke en 20 voet onder die grond in ou skuilkelders. Hier, in die kelders is die armoedigste toestande van almal. Mense van alle stande en beroepe, van geleerdes tot straatveërs; van plaasbesitters en groot boere tot perdeknepte. Sonder verskil deel almal die noodlot van vlugtelinge te wees, en word hulle saamgesweis tot die vyfde stand — die vlugtelingstand.

WONINGS VERNIETIG

Waar kan hierdie mense woon? 19 persent van alle huise in die Amerikaanse besettingsgebied; 26 persent in die Britse gebied en 32 persent in Berlyn is deur bomme verwoes. Maar, deur die toestroming van die miljoene uit die Ooste het die bevolking aangegroei met 20 persent gemiddeld en in sommige plekke is daar meer vlugtelinge as ingesetenes.

Hierdie, deur Potsdam goedgekeurde katastrofe, het veral 'n uitwerking op die getal werkloos. Slegs 50 persent kon werk vind, en hiervan is die meeste in vreemde beroepe. Die vlugtelinge kom uit die koring-skuur van Duitsland — uit die Ooste, waar die plase lê en vind dit moeilik om in die Weste — met sy nywerhede en miskien klein groentetuintjies — werk te vind. Daarby is die finansiële en ekonomiese krag van die staat deur die oorlog gebreek en hierdie mense kan nie deur die staat gehelp word nie.

WAAR DIE VLUGTELINGE WOON

Voordat ek na die behuising van hierdie verdreuenes gaan kyk het, het ek eers lank gekyk na die kiekie wat in Die O.B. verskyn bokant 'n versoek om hulp vir miljoene vlugteling-gesinne in Duitsland. Vir die bewoners van die „diep skuilkelders” en veral vir die baie kinders, wat reeds jarelank onder die grond woon, sou so 'n bestaan in lug en sonskyn 'n geskenk van die Hemel wees — maar selfs hierdie dinge is aan hulle ontsê. En ek vra myself, terwyl ek die kiekie in Die O.B. aanskou, of ek daarin sal slaag om die toestande te kan beskrywe.

Die Oktober-son skyn op die markplein van 'n Wes-Duitse stad, van ruïnes omring. Dit is 12-uur in die middag, en 'n digte stroom mense loop na die verskillende eetplekke. Daar is mense wat volgens die jongste

modes gekleed gaan; maar ook sulkes wat dun en gelapte kleredra, en wat skielik aan die ander kant van die plein verdwyn. 'n Klein bord dui aan dat hier „Familiekelder No. 17” is — waar mense ver van sonlig en natuurlike lug onder die grond woon. Op die eerste „verdieping”, 10 voet onder die grond, staan 'n ry tuisgemaakte wiegies, waarin die jongste kinders van hierdie gesinne slaap en bedags die voorreg het om 'n bietjie son en lug te kry. Die ingang is nou, en mens voel benoud as jy die 3 voet-dik mure van gewapende beton sien. Dit neem 'n tyd voor jy aan die kunsmatige lig gewoond is, en sien dat die „verdieping” bestaan uit 'n reeks smal gange, met rye en rye deure wat na klein vertrekke — ongeveer 9 voet by 6 voet groot — lei. Daar is 'n eentonige geluid soos die ventilatore vir lugtoevoer sorg; daarby hoor jy die geraas van potte en panne, en mensestemme. Altesame is daar 45 kamertjies waar 167 mense (onder wie 60 kinders) in woon. Gesinne van twee, drie en selfs vyf lede woon in een enkele kamertjie wat slegs 6 voet by 9 voet meet. En dit onder die grond, sonder lig en vars lug. Kan mens jou dit voorstel? Miskien in die tronke en kelders van die middeleeue — maar in dié dae het kinders nie sulke strawwe ontvang nie.

(vervolg op bladsy 6, kolom 4)

K94



ná die

BOULSPEL...

Laat K.W.V.-Eau de Cologne gou weer vir u die kalme gelatenheid skep wat persoonlike frisheid meebring. En om u te streel en met 'n fyn geurigheid te omring — K.W.V.-laventel.

KWV

-Eau de Cologne
EN
-Laventel

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueers: H. J. Niehaus (Edms.) Beperk, Posbus 2108, Kaapstad. Posbus 4883, Johannesburg.

Wat Nou, Afrikanerdom?

GEVOLGE VAN EENSYDIGE GRONDWET-GETORRING

Dis dikwels moeilik om te bepaal of partye en hul trawante op die verhoog en in hul perse besonderlik naïef of besonderlik geslepe is. Meesal toon hulle 'n mengsel van albei.

V.P. SE „GEHEIME PLAN”

So staan ons nou weer by die luide proteste van die kant van die H.N.P.-koerante teen die „geheime plan” van die V.P. soos dan èrens in 'n pamflet op skrif gestel. Natuurlik word die bestaan daarvan deur die V.P. ontken. Natuurlik ook word die ontkenning nie deur die H.N.P. aanvaar nie.

DIE „PLAN” VANSELF-SPREKEND

Vir ons, as die effens verbiterte toeskouers, kan ons die saak maar afhandel deur te sê dat as die beweerde stukke of iets dergeliks nie in die hoofkwartier van die V.P. lê nie dit 'n natuurwonder van die eeu sal wees. Immers wat verwag die H.N.P. van genl. Smuts nadat hulle ingrypende wysigings van die Grondwet aangekondig het, wysigings wat die posisie van die H.N.P. sou versterk? Genl. Smuts was nog nooit beroemd vir passiewe geduld nie. As sterk-nasionaalgesinde Afrikaners het ons die plig om die H.N.P. te vra: Het julle dan nie op die dreigement van julle kant 'n reaksie van genl. Smuts as vanselfsprekend aanvaar nie? Indien wel, het julle dan nie reeds al die nodige maatreëls getref om die Afrikanerdom teen dié reaksie te vrywaar nie? Dan is die stuk van die V.P. seker maar net van akademiese belang? Of hoe?

DALK NOG NIE DIE ERGSTE

Dis oorbodig om te beklemtoon hoe onaangenaam die beweerde program van aksie van die V.P. ons sou aandoen. Die konflik tussen 'n Smuts-bewind en die republikeinse Afrikanerdom is oorbekend en word deur almal aanvaar. Niemand behalwe 'n politieke blinde kan ook anders as voorsien dat die V.P. so gou moontlik die stembelading ten gunste van die platteland sal wil afskaf nie, dat die Broederbond verder sal uitgeruik word, die status van die Kroon in die Unie-grondwet bestendig sal word nie, of dat ander maatreëls ten dergelike effekte oorweeg sal word nie. Inderdaad sal dit nie uiters verbasend wees as die ergste van die planne van die V.P. nog selfs nie eers deur die H.N.P.-pers blootgelê is nie. Hierdie

KERSGROETES IN DIE O.B.

Soos in die verlede stel Die O.B. sy kolomme vanjaar weer ter beskikking van ons lesers wat graag kersgroetes aan hul vriende wil stuur.

Die tarief vir 'n enkele plasing is 2s. 6d. vir 36 woorde of minder, en daarna 1d. per woord vir alle bykomende woorde. Die geld moet saam met die groete gestuur word, en moet ons (Postbus 1411, Kaapstad) 'n week voor publikasie bereik.

Die kersgroetes sal verskyn in die uitgawes van 14 en 21 Desember.

sinspeling op bedekte doelwitte van die V.P. word hoegenaamd nie op enige vertroulike inligting aan ons bekend baseer nie. Dis blote afleiding. Ongelukkig, vir die Afrikanerdom, heelwaarskynlik korrekte afleiding.

H.N.P. KAN NIE VERWYT NIE

Ongelukkig ook het die H.N.P. hulself die reg van eerlike verantwoordiging ontnem deur self voorstelle te doen vir die wysiging van die fundamenteelste beginsels in die Grondwet vervat, dié nl. in verband waarmee 'n tweederde-meerderheid

Deur J. de Vos

oorspronklik vereis is. In die Britse partystelsel waarmee ons geseën is kan die masjien net behoorlik fungeer as die aantasting van fundamentele regte slegs met die goedkeuring van die groot partye onderling geskied. Sodra die reg — wat miskien juridies regverdigbaar is — uitgeoefen word om fundamentele wysigings aan die Grondwet as partysaak deur te loods, word die hele staatsgebou van sy fundamentele geruk. Dis wat nou gebeur.

PARTYE EWE SKULDIG

Watter van die partye nou juis die grootste skuld aan die huidige krisis het, laat ons, sonder gerustheid, aan die pot-enketel-gekyf oor. Die krisis is nie slegs 'n regeringskrisis nie maar 'n staatskrisis. Albei die groot partye beweeg steeds sneller op die pad van partydiktatuur. Eers het die V.P.-regering sonder die H.N.P.-oorlog verklaar. Die oorlogvoering het 'n partysaak gebly. Nou het die H.N.P. met o.a. hul radikale voorstelle i.v.m. Grondwetwysigings gekom. Dit word as partyvoorstelle behandel. Meer as ooit sal die V.P.-bewind in die toekoms 'n partytirannie wees.

In hierdie lig gesien, is dit te betwyfel of die feit dat die huidige kabinet uit Afrikaanssprekendes bestaan te verwelkom is. Dis net 'n bewys dat die Afrikaner se gesindheid soos dit in die partypolitiek sy uiting vind, meer geïsoleerd as vroeër staan, verder as ooit daarvan is om die land as 'n staatsgeheel te verower; 'n feit wat sorg baar, nie vreugde nie.

WAT NOU?

Om nou verdronke kalwers te gaan uithaal is egter nutteloos en in elk geval onbegonne. Hul is te talryk. Maar die Afrikanerdom het sekerlik die plig om na sy toekoms te verneem. Die H.N.P. regeer nog met 'n meerderheid wat, hoewel skamel, genoegsaam is, volgens H.N.P.-beskoning, om die Grondwet te wysig. As hierdie mag aangewend sou word om die Unie 'n Grondwet te gee wat volkome republikeins is en die diktatoriale rol van partye en partymonopolieë uitkakel, as die H.N.P. aldus gereed is om sy eie gevestigde belange te offer vir die behoud van die Vaderland, dan is daar dalk nog 'n moontlikheid dat volksbelange en ware demokrasie kan seëvier. Dit sal egter so gedaan moet word dat die goeie trou van die revolutionêres deur die welwillende staatsburgers van die Unie binne en buite die H.N.P. aanvaar kan word. Die modelle wat as voorbeelde kan dien is

ter hand: in die geskiedenis van ons eie Republieke, selfs in die staatswese van die Verenigde State.

As bostaande nie die verkore uitweg beskou word nie, en dis bepaald moeilik om daarvoor hoopvol te wees, dan vra ons WAT NOU?

VEEL TOESPRAKE, WEINIG OPTREDE

Dusver het die kabinetslede van die H.N.P. hulle sterkste standpunte in hul toesprake ingeneem. Die voorafskaduwing van radikale wetgewing hetsy goed of sleg het reeds sy kwota van gegronde en ongegronde woede in die opposisiekringe laat losbars. Die aangehitste gevoelens tussen rasse- en kleurgroepe loop reeds so hoog asof die planne uitgevoer word. In die buite- en binneland is die Afrikaner besig om die rekening vir die gewaande voordele van voorspelde wetgewing te betaal. Dusver ontbreek egter nog feitlik al die voordele en meeste van die wetgewing. Nietemin word die rekening vir die verkondigde voornemens gelewer en magtige propagandabomme in die hande van die V.P. met sy „geheime planne” gestel. Intussen is die prestige en invloed van die H.N.P. in wye kringe aan die daal, soseer dat dit uiters twyfelagtig word of hulle nog veel sal kan verrig.

„Sterk” optrede blyk in die onlangse tyd meer uit die wering van Battersby uit die Unie as uit enige besondere dienste aan die Afrikanerdom.

BENODIG: REALISME

Is dit nie nodig dat 'n ontnugterde Afrikanerdom beken nie dat: eerstens hulle in die waan verkeer het dat 'n verbygaande en swak regering vir altyd in die kussings is, tweedens dat die „sterk” verklaring van praatsieke leiers veel nadele en weinig voordele meebring, derdens dat enige „sterk” optrede met 'n swak staatsmasjien klugtig is, en vierdens dat die Afrikaner met 'n getorring aan die Grondwet onder die huidige bedeling van partydiktature 'n veel dodeliker wapen in die hand van die vyand as van die vriend van die Afrikaner stel. Betreffende laasgenoemde: die uitbreiding van die stemreg in die Unie om die Afrikaner te verswelg is potensieel onbeperk, die inkrimping daarvan potensieel baie gering. Daarby sal die ontlading van plattelandse kiesafdelings alleen die toepassing van ortodokse „demokratiese” beginsels wees, die aanvetting waarvoor moeilik voor die V.V.O. verdedigbaar sal wees.

Ten aansien van bostaande mag die Afrikanerdom nog met dankbaarheid op die wyse vermanings van mnr. Havenga wys deur wie versigtigheid gemaak is toe roekeloosheid die mode was.

BENODIG: STAATSMANSKAP

Dit sal verfrissend wees om minder pogings tot „rotsvastheid” by politici wie se voete alte dikwels op niks beter as politieke piesangskille vastrap nie op te merk. Kaartmanskap en staatsmanskap is tog nie sinoniem nie. Eersgenoemde kan die Afrikanerdom nie bekostig nie, laasgenoemde nie ontbeer nie. Veral nie nou nie.

V.S.A. KON BRITSE VERDELINGSTELSE NIE BEKOSTIG

Die politieke toneel in Amerika en vernameklik die Amerikaanse partystelsel is vir baie waarnemers onlogies en baie moeilik om te begryp, het mnr. D. G. Wilson, van die Amerikaanse Gesantskap, in 'n lesing in Johannesburg verklaar. Die rede daarvoor is dat geen party in Amerika 'n vasgelegde program of 'n uitgesproke doelwit het nie — behalwe natuurlik om verkiesings te wen.

Terwyl dit die doel van die Britse en Europese partye is om mense in waterdigte kompartemente af te hok ooreenkomstig bepaalde rigtings is dit daarenteen die doel van die Amerikaanse partystelsel om botsende rigtings met mekaar te verenig op die grondslag van kompromisse.

Sowel die Demokratiese as die Republikeinse partye, het mnr. Wilson gesê, bevat progressiewe, liberalistiese en konserwatiewe elemente. Hulle word bymekaar gehou, nie deur 'n gemeenskaplike dogma nie, maar wel deur kompromis.

Hierdie ontwikkeling is gebore uit historiese noodsaaklikheid, volgens mnr. Wilson. Want as verdeeldheid in geslote politieke partye nog gevoeg moes word by al die ander verdelingsmagte in die V.S.A. is dit twyfelagtig of die Amerikaanse volk as 'n geheel kon staande gebly het.

Hoeveel meer geld dit nie vir die bonte Suid-Afrika nie!

Kerk Verloor Stryd Teen Kommuniste

Die Kommunistiese bewind in Tsjeggo-Slowakye het verlede week aangekondig dat die kerk die stryd teen die staat verloor.

Minister Vaclav Nosek het as 'n verdere maatregel in die stryd teen die Katolieke Kerk aangekondig dat geen kerklike huwelike van aanstaande jaar af deur die staat erken sal word nie. Ook sal 'n vrou alle regte met haar man deel. In sy toespraak het hy die volgende stellings gemaak: Die kerk is besig om sy stryd teen die staat te verloor; priesters aanvaar nou die salaris van die staat; priesters probeer nie om die opdrag van die Pous om Kommuniste uit die kerk te ban, uit te voer nie.


Werkers Dring Nog Steeds Aan Op Hoër Lone

Ten spyte van die Arbeidersparty se dringende beroep op alle werkers om die regering te help in Brittanje se stryd om voortbestaan deur nie verder aan te dring op hoër lone nie, is verlede week berig dat die skeepsbouwerkers besluit het om hul eise om verhoging van lone te handhaaf. Hulle eis £1 per week meer, wat beteken 'n verhoging van £15,000,000 per jaar gesamentlik.

Terselfdertyd is berig dat die mynwerkersbond besluit het om 'n landswyse konferensie te hou waar besluit sal word op die kwessie van hoër lone. Indien aan hul eis voldoen word, sal dit die koste aan lone in die myne met tussen £4 en £5 miljoen verhoog.

Intussen moes die Britse Arbeidersbewind 'n drastiese besnoeiing van £280 miljoen in die landsuitgawes aankondig as deel van hul plan om Brittanje te red. Die parlementselede self het egter geweier dat die onlangse verhoging van hul eise salaris aangesag word.

SM 4029



Rook
SPRINGBOK
Medium

DIE GELUKKIGE KEUSE

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings: (Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag. Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

Vir Boerejeugkommandant en mev. F. J. Prinsloo, jnr., (JF10) was 11 November 'n dag van groot seën, toe ons eerstelling 'n iris swartkop dogter gebore is. Mag die Heer ons bystaan: krag en leiding gee om haar Christelik op te voed. 23/11/1B.

DANKBETUIGING

MNR. P. B. GELDENHUIS VAN IOUBERTINA, wil van hierdie geleentheid gebruik maak om sy innige dank en waardering uit te spreek teenoor elkeen in Wyk 4, Uniolandale, wat sy stem op hom uitgebring het tydens die pas-afgelede Afdelingsraadsverkiezing, en hom sodoende met so 'n oortuigende meerderheid na die Raad teruggestuur het. Hy verseker elke kieser dat hy weer gedurende die volgende 5 jaar sy beste dienste in hul belang sal lewer. 23/11/1.

BETREKKING VAKANT

SNELSKRIF-TIKSTER.—Applikasies word ingewag vir 'n tweetalige snelskrif-tikster vir 'n vakante betrekking in die Ooswagbrandwag en Voorslag kantore. Salaries volgens ondervinding. Dit word verwag dat die suksesvolle kandidaat 'n lid van die Ooswagbrandwag moet wees. Doen aansoek by die Stafhoof, Grootte Kerkgebou 703, of Posbus 1411, Kaapstad. 2/11/2

TE KOOP

1—10 vt. McCormick Kragbinder in goeie orde op rubberwiele, nuwe selle, nuut opgedoen. Kompleet met kragafnemer. Prys £100. Doen aansoek by P. M. van Rensburg, Trommel, P.K. Marquard. 23/11/1.

WATTEPALE EN SPARRE.

Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk. Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk. Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte £3 10/- per 1000 met bas. Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet langes £2 15/- per 1000, met bas. Gelewer Charlestownstasie. Bestel van L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown. Kontant met bestelling. 31/8/TK

GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van Premiers, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

GRYSHARE

GRYSHARE, skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur GRYSHARWONDER die jongste kunsmatige wereldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49



LEENGOED ?

Sonder Assuransiebeskerming kan u u besitting feitlik in 'n oogwink kwyt wees, deur Brand, Ongeluk of Diefstal.

Maak SEKER van die waarde van u huis, u meubels, u kar, deur —

'n SANTAM-Polis !

•SANTAM•

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-6a

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

Duisende is reeds van hulle kwale bevry. Talle vind daaglikse baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

MARK AGENTE

Kamerade! Aandag! Stuur al u produkte aan U. S. Belting, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A.” Foon 1063. As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswillig. 21/9/TK

MEUBELS

MEUBELS.—Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stoelkarretjies, diewiele, inoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel.—VISSEER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/- sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 30/- per ton vrygelaag. Soutwerke tevredeheid gewaarborg. Adres: Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke is volg:

Spesiale sneeuwit 80/- per ton. Sneeuwit No. 1 70/- per ton. Wit No. 2 60/- per ton. Wit No. 3 50/- per ton. Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaag soutwerke vir tevredeheid en dadelike aflewering, probeer:—M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIER en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE. (Edms.) Bpk. MOREMARK (Posbus 7185) Newtown



„Besook ons Tak in die Wandelgang, Grootte Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.”

Duitse Leiers Moes Boet

(vervolg van bladsy 1, kolom 5)

tien lande, hoofsaaklik onder Duitse beheer, het aan die lig gebring dat baie van die manne wanhopig geworstel het voordat hulle doodgeskiet is — iets waarteen die Russe gewaak het deur die groepe te beperk tot dertig of minder.

GROOT FOUT

Maar die Russe het een groot fout begaan behalwe die misdadad self. Die grond waarin hulle die dooie offisiere geplaas het, is van 'n eienaardige samestelling wat dooie voorwerpe wat daarin geplaas word feitlik heeltemal mummifiseer. Wat binne 'n kort tydjie heeltemal vergaan moes gewees het, is ongeskonde bewaar met papiere en ander middels van uitkenning. Dagboekies, koerante en ongeposte briewe het die datum van die moord vasgestel. Hierdie dokumente het getoon dat 4,143 manne wat in sewe van die grafte van Katyn gevind is, gedurende April 1940 vermoor is. Ongeveer 110 wat in 'n ander graf gevind is, is in Mei doodgeskiet. Onder die 4,253 wat gevind is, was daar baie wie se name op die lys was wat aan Stalin oorhandig is deur ambassadeur Kot, genl. Sikorski en genl. Anders.

NET 'N DEEL

Die ontdekte lyke was dié van offisiere wat in die kamp van Kozielsk aangehou was. Wat het met die manne van die kampe by Ostashkov en Starobielsk geword? Dié van Ostashkov is eers per trein na Viazma gestuur. Hulle is van die trein verwyder in motors wat met hulle wegery het. Diegene in die kamp van Starobielsk is op dieselfde tyd — in April en Mei 1940 — per trein na Kharkov geneem. Motors het hulle by die stasie opgelaai en ook hulle het verdwyn. Miskien sal die bos naby Viazma en Kharkov eendag die plek van hul graf openbaar. Hierdie ontdekking, wanneer dit gemaak word, sal die feit dat hierdie mense in hul grafte was toe Molotof, Vishinsky en Bogomolov herhaaldelik beweer het dat hulle losgelaat was, nie juis aangenameer maak nie. Hulle was in hul grafte toe Stalin voorgegee het begaan te wees oor hul toestand.

KOMMUNIS PRAAT GOED

Die skrywer gaan voort deur te sê dat die Russe nooit wou toelaat dat 'n onsydige of internasionale kommissie na Katyn gaan nie, maar dat hulle wel die Poolse Kommunis Berling toegelaat het om ná die terugtog

van die Duitse leër op die plek van die moord 'n toespraak te hou waarin hy die Poolse regering kwalik geneem het dat hulle hul op die Internasionale Rooikruis beroep het. Dit nie-teenstaande Berling reeds in die herfs van 1940 geweet het dat die manne deur die Russe vermoor is. Op daardie tyd het hy verlof van die Russe gevra om die Poolse offisiere toe te spreek einde hulle te oordeel om by die Russiese leër aan te sluit. Beria, die hoof van die NKVD, wat deelgeneem het aan die samesprekings, het in teenwoordigheid van sy assistent, Merkulov, gesê: „Hierdie manne is ongelukkig nie meer beskikbaar nie. 'n Groot fout is begaan.”

Mikolajczyk vertel dat hy sy terugkeer na Pole in 1945, die Kommunistiese aanklaer aan hom voorgestel het dat 'n verhoor gereël moes word wat die Russe van alle skuld aan Katyn sou kwytsteld. Mikolajczyk het aan hom gesê dat hy alles sal openbaar wat hy weet, naamlik dat die Duitsers geweier het om die Poolse offisiere in ruil te ontvang vir die Ukrainers en dat hulle met die grootste sorg alle stawende dokumente by hul terugtog met hulle saamgeneem het en dat hierdie dokumente in die hande van die Amerikaners geval het, en dat ook die dokumente van die Poolse Rooikruis na die Weste deurgestuur was.

NEURENBERG

„Die geeste van die vermoorde offisiere het die hofsaal van die Neurenbergse hof vir oorlogsmisdade gevul, en is geïgnoreer. Nog 'n gewigtige en geskiedkundige voorbeeld van die paai-beleid.

„Die aanklag teen die Duitse oorlogseleiers het uitdruklik melding gemaak van die Katynse moord. Maar behalwe dit, was die woord Katyn selde genoem. Die vervolging van Duitse misdade in Oos-Europa is aan die Russiese lede van die internasionale hof oorgelaat.”

Die skrywer wys daarop dat die Russe se hoofgetuie teen die Duitse leiers prof. Markov van Bulgarye was, wat lid was van die internasionale kommissie van ondersoek na Katyn wat die verslag onderteken het. Hy het getuig dat die Duitsers hom met 'n rewolwer sou gedwing het om die „valse” verklaring te doen. „Die hof”, aldus Mikolajczyk, „het geen ag geslaan op die feit dat Markov deur die NKVD in hegtenis geneem was nadat Rusland Bulgarye beset het en dat hy maande lank in die tronk opgesluit was nie.” (As die Russe beskuldigdes kan beweet om getuie te wees teen hulself

RUS SE VERHAAL

Die verhaal van Russiese kant omtrent die gebeure is deur 'n Russiese offisier verbonde aan die Sowjet-gesantskap in Londen, uitgelap. Volgens hom is 'n offisier na Stalin gestuur om advies te kry oor wat daar met die offisiere gedoen moes word. Stalin het 'n stukkie papier van sy eie skryfblok geneem en 'n enkele woord daarop geskryf — „Likwider”.

Die offisier het met die eenwoord-bevel teruggekeer, maar op 'n offisiërsvergadering is besluit dat dit 'n saak vir die NKVD was en nie die leër nie.

„Omtrent 'n jaar later,” aldus die offisier, „het die Pole begin navraag doen na hul offisiere. Uiteindelik het hulle aan vader Stalin persoonlik die vraag gestel. Vader Stalin het sy bevel onthou, maar het nie geweet hoe dit uitgevoer was nie. Hy het dus die telefoon geneem en by die leër navraag gedoen. 'n Stafoffisier het verduidelik wat gebeur het en Stalin het geswyg omdat hy bewus was van die verskillende betekenis van die woord likwider. Dit kon beteken het loslaat, na ander tronke stuur, na fabriek stuur of na 'n gruisgat of na Siberië. Die NKVD het die direkte betekenis daaraan geheg.”

Die skrywer merk op dat dit die naaste aan 'n skulderkenning is wat van amptelike Russiese kant verkry sal word. Maar die feit bly dat Stalin die bevel gegee het om te „likwider” — en, kan ons daaraan toevoeg, dat Duitsers daarvoor tereggestaan het.

Britse Kolonies Nie V.V.O. Se Saak

„Brittanje het reeds honderde jare voor die tot standkoming van die Verenigde Volke-organisasie kolonies besit en wat meer is, hierdie taak is ons nie deur die V.V.O. opgedra nie, soos soms voorgestel word,” het die Britse verteenwoordiger in die V.V.O. verlede week gesê toe hy 'n voorstel wat groter toesig aan die V.V.O. oor nie-selfregerende gebiede wou gee, bestry het. Daar is blykbaar nog mense in die V.V.O. wat nie kan beseft dat Brittanje net vir die vryheid van ander volke se kolonies gegee het nie en dat die V.V.O. eintlik bedoel was om hierdie oorlogstaak in vrede te bestendig.

Wydverspreide reëns het die afgelope week in die land geval en die droogte is op etlike plekke gebreek nadat die toestande uiters kritiek geword het. Dele van Wes-Transvaal en in die omgewing van Kimberley en Uppingon duur die droogte egter nog voort.

'n Haelbui van seldsame geweld het Pretoria getref en skade van nagenoeg £1,000,000 aan huise en eiendom aangerig.

SOOS ONS LESERS DIT SIEN

(vervolg van bladsy 5)

blad dat as die publiek nie help nie, kan daar nie meer vir ons eie arm kinders gesorg word nie. Laat ons 'n nasie bou — hulle sal goeie stemme wees. So nie sal daar weer vir geld gevra word om tronke te bou vir hulle. Armoed bring baie ellende. Laat ons ons helde eer, maar nie geld onnodig verkwal nie. Hier is baie opregte Afrikaners wat soos ek dink.

Kandidaatskap Het Nasleep In Sinode

Die Sinode van die Kaaplandse Nederduitse Gereformeerde Kerk het verlede week 'n mosie aangeneem waarin spyt betuig is dat die name van persone genoem is in 'n verslag van een van die Kerk se kommissies.

In die verslag van die Kommissie vir Waaksaamheid teen die Roomse Gevaar kom nl. die volgende voor: „Luit.-kol. Wynne verstaan ons is 'n Rooms-Katolie en was onlangs kandidaat vir die parlement in Port Elizabeth en het 4,000 Protestantse stemme op hom verenig.”

Luit.-kol. Wynne is 'n Engelsprekende lid van die H.N.P. Hy was H.N.P.-kandidaat in Port Elizabeth en is 'n lid van die Kaaplandse Hoofbestuur van die H.N.P.

'n Vorige besluit van die Sinode, twee weke gelede geneem, het as beleid neergelê dat alle lidmate van die Kerk daarop moet aandring dat kandidaat by verkiesings Protestantse

Christene moet wees. By die geleentheid het die Sinode 'n voorstel verwerp waarin gepraat word van luit.-kol. Wynne se „positiewe, Christelike en onbevooroordeelde optrede in die openbare lewe”, ten einde hom nie 'n „spesiale getuigskrif” te gee nie.

Hierdie keer het die Sinode weer 'n voorstel verwerp wat gevra het dat die Sinode nie 'n mening sal uitspreek oor die godsdienstige oortuigings van individuele kandidaat wat deur politieke partye genomineer word nie. In hierdie verband het prof. dr. J. J. Muller gesê dat die Kerk bokant die partypolitiek staan en 'n plig het om toe te sien dat die Protestantse standpunt gehandhaaf word.

Persmenings:

Frankryk Verwerp Joodse Premiers

„Dit is miskien nie heeltemal toevallig dat die twee vernaamste kandidate vir die Franse eerste ministerskap — belydende Jode en bekwame politici — nie in staat was om regerings saam te stel nie,” skryf die Jewish Herald in verband met die onlangse gesukkel om 'n Franse regering daar te stel. „Afgesien van die politieke redes vir hul mislukte pogings kan nie ontken word dat hul Joodsheid bydraende oorsaak vir hul misluktings was nie.

„Die Christelike vakbonde, die De Gaulliste en algemene vooroordeel het die Kommuniste se hulp om die politieke warboel te verleng, hoewel die Kommuniste self nie rassevooroordeel in hul propaganda en besprekings uitgebuit het nie.

„Die beswaar teen mnr. Moch was dat hy te onverbiddelik is en dat hy nie bereid is om die Duitsers te vergewe nie of om enige stappe wat deur voormalige Vichy-ondersteuners gedoen is, goed te keur nie. Met ander woorde Moch is verdink van 'n eie Joodse beleid, — wat onaanneemlik was vir die meeste Franse politici van alle partye. Mnr. Mayer was vry van hierdie nadele. Hy het egter niks beter as Moch gevaar nie. Hy is hoofsaaklik teengestaan deur die Christelike vakbonde.

„Die Franse Jodedom het hulle eie gevolgtrekkings gemaak. Meeste van hulle het gedurende die afgelope drie jaar uit Duitse ballingskap teruggekeer of bogronds verskyn uit hul Franse wegkruipplekke. Byna niks is in die openbaar oor die saak gesê nie, maar agter die gordyntjies in die huise — hoofsaaklik Joodse huise — is die saak druk bespreek.”

Verbastering

Na aanleiding van Londen se „Haarlem”, dit is nie-blanke buurt, skryf Free Britain:

„In net een buurt alleen is daar 9,500 Negers, van wie 3,000 die land wettig binnegekom het kragtens 'n onderwys-skema.

„Die departement van arbeid se probleem is om nuttige werk

te kry vir almal vernaamlik vir diegene wat as verstekeling die land binnegekom het. Die departement van binnelandse sake het weer te doen met 'n sosiale probleem as gevolg van die plaaslike gemeenskap se wrewel by die aankoms van soveel Negers wat met wit meisies rondstap.

„By een dansaal wat gereeld deur ongeveer 500 Negers besoek word, was al die 400 meisies blankes, behalwe twee. 'n Paar blanke mans was teenwoordig. Baster-kinders is 'n algemene verskynsel in die buurt en die regering is nie eers van voorneme om die verstekeling te deporteer nie, want hulle is Britse onderdane.”

„Die instroming het in die oorlog begin toe die Lugmag 7,000 Jamaica-inboorlinge na Brittanje gebring het. Die doel was om hulle teen 'n blanke volk te gebruik. Vandag word hulle teen 'n blanke volk gebruik — ons eie volk! Bloedvermenging is net so dodelik soos die bom of die gaskamer. Dit is 'n verbasterings-oorlog en dit word gevoer teen blanke bloed in Brittanje, Europa, en Amerika.”

Demokrasie Uitgedien

Mnr. P. C. Kruger, skryf in Die Vaderland: „Toe die Westerse Geallieerdes klaar gestaan het om Europa te gaan binneval, het ek aan genl. Smuts geskryf dat die mensdom voor twee keuses te staan gekom het: Die Kommunisme, of die Nasionaal-sosialisme. Sy ant-

woord was dat daar 'n derde was, naamlik die Christelike weg. Soos iedereen weet, is die kark van die Kommunisme teen die Nasionaal-sosialisme gekies met bittere gevolge.

„Al meer mense kom tot die oortuiging dat die demokrasie uitgedien is, hoe goed dit ook al mag gewees het. By ons kan dit nie meer dien as middel om die Kommunisme te bestry nie, en hoe langer ons daaraan gaan vasklou, des te beter word die kans vir die Kommunisme om opgang te maak. Derhalwe het ons ook voor twee keuses te staan gekom: Ons sal die demokrasie moet prysgee, of die Kommunisme toelaat om voort te woeker met die opsweping van nie-blank teen blank. En laasgenoemde sal daartoe lei dat die blanke in die hele Afrika ondergeskik aan die Bantoe gestel gaan word.”

Vrome Aankondiging

Na aanleiding van die Verenigde Party se Handves van nege punte wat onlangs deur genl. Smuts aangekondig is, skryf Die Transvaler:

„Suid-Afrika het al meermale handveste van veldm. Smuts gekry. Sy roemrugtige „Bloemfonteinse Handves” lewe nog sterk in die herinnering. Daar het hy 'n nuwe politieke aarde belowe, waarvan niks tereggekome het nie. Sy ministers het hom nagevolg met besondere handveste vir huise, bestaansveiligheid en talle van die ander dinge wat nou weer afgestof en uitgestal word. Maar Suid-Afrika weet dat dit alles by vrome aankondiginge gebly het. Die Smuts-regering is, ondanks mooier en uitvoeriger beloftes as die nege van eergister uitgegooi.”

Al twee Is Koningsparty

Die Suiderstem verklaar dat die „Malan-pers” nie van die „pragtige nuwe beleidsverklaring van die V.P.” hou nie en dit derhalwe verdraai. Die blad sê:

„Die eerste verdraaiing is dat die V.P. nou 'n Koningsparty geword het. Waarheid is dat die Verenigde Party die Koning as 'n essensiële onderdeel van die Parlementêre stelsel van die Unie beskou. Dit is wat die verklaring ook sê, die Koning is 'n essensiële onderdeel. Hoe kan die V.P. dan 'n Koningsparty genoem word? Hy bly wat hy altyd was, die party om die volk te verenig en om die tradisies en instellings van ons staatkunde waarvan die koningskap een is, te handhaaf en te beskerm. Om die rede is hy ook daarteen dat die Koning uit ons Grondwet uitgeskakel word en deur 'n Republiek vervang word. Mag ons daaraan herinner dat ook dr. Malan ná sy terugkeer uit Londen vroeër vanjaar verklaar het dat wat ook al Suid-Afrika se regeringsvorm, hy altyd binne die Statebond onder die Kroon moet bly. Is die H.N.P. dan ook nou 'n Koningsparty?”

Anti-Joodsheid Verwek Deur Geallieerdes

Dat die Geallieerde militêre regerings anti-semitisme in Duitsland opnuut aangewakker het deur dat hulle soveel Jode as moontlik aangestel het om die Duitse volk te „demokratiseer”, word blykbaar tans in Joodse kringe oorpeins. Die Jewish Herald verwys na 'n aanhaling in die „Schwaben Echo” wat lui: „Dit is jammer dat anti-Joodsheid nog in Duitsland bestaan, maar is dit nie die fout van die Militêre Regering wat nog steeds volhard om so baie Jode aan te stel in die demokratiseringsrade nie?”

Die blad berig verder dat 'n rolprent van Duitse konsentrasiekampe tydens die oorlog onlangs in 'n Hanoverse teater vertoon is. Die hele gehoor het opgestaan en uitgestap onderwyl hulle skreeu: „Moenie ons uittart nie!”

FEES OP ZOEKMEKAAR

Zoekmekaar, Noord-Transvaal, ontvang die rapportryers op 26 en 27 November. Die ontmoeting per perdekommando vind plaas by Molema vroeg die oggend, waarna die verrigtings in die feessaal vanaf 12-uur 'n aanvang sal neem. Toesprake word gehou deur ds. Marais en mnr. Wust, van Nancyfield, en die twee rapportryers, mnr. Boshoff en Buys. Die aand word 'n opvoering gehou en die volgende dag 'n diens deur ds. Marais.

VERJAARDAG-KETTING

Hierdie maats verjaar gedurende die volgende week. Ons wens hulle van harte geluk.

NOVEMBER

- 27 Enita Roux, Paarl.
Johannes Wagener, Oudtshoorn.
Chris Stander, Oudtshoorn.
Catharina Venter, P.K. Derby, Tvl.
- 28 Aletta Nel, Kakamas.
M. Strydom, Oudtshoorn.
Catrina Botes, Parys, O.V.S.
- 29 Hermanus Steyn, Frankfort, O.V.S.
Betsie du Toit, Wellington.
Helena Gunter, Paarl.
Aletta Engelbrecht, Groot Marico, Tvl.
Hermine Kilian, Middelburg, Tvl.

DESEMBER

- 1 Dan du Toit, Bellville, K.P.
- 2 Charel Kruger, Luckhoff, O.V.S.
Jacoba Coetzee, Beaufort-Wes.
Johanna v. d. Merwe, Wellington.
Hester Loubser, Klipheuwel, K.P.

VOLKSVREEMDES EN INWYDING

„Oom Gandhi”, Kaapstad, skryf:

Ek wil hiermee graag die hele gees en strekking van „Ricardo Macaria” se onlangse skrywe goedkeurend onderstreep. Hy hoef nie dit in woorde neer te skrywe nie, dat hy 'n Republiek is van „ONS soort Republieke”, wat so dikwels teenoor ons vyande en Brits-Demokratiese Afrikanerbroers- en -susters, trots voel om van mekaar en teenoor mekaar die benaming of term te gebruik: „Ons ou tronkvoëls en doringdraad-sitters”, soos ek dit gestel het onder die opskrif: „EENPARIGE BESLUIT” in „DIE O.B.”, van 26 Oktober 1949.

Ek sal nie op 16 Desember by Monumentkoppie wees nie, omdat Jan Smuts en Kie uitgenooi is om teenwoordig te wees en die Bestuurder van genoemde Britse-politieke firma nogal 'n feesredenaar sal wees, en waar daardie Britse firma help sake doen, daar is en bly dit vir my 'n verkeerde ding. Ek wil nou nie juis sover gaan om dit as 'n „klugonthulling” te bestempel, soos my vriend nie, en ek vra hom derhalwe of hy dit nie liefsaam met my 'n opportunistiese onthulling wil noem nie? Dis reg om niemand daar te weer nie, maar verkeerd om die volksvreemde daarheen uit te nooi.

Soos Ons Lesers Dit Sien


'n Universiteitsprofessor het verlede maand op Pretoria dit as sy oortuigde mening uitgespreek dat „ONS soort Republieke” juis na Monumentkoppie moet gaan „OM ONS EIE TE BEHOUD”, waarop my reaksie was: „Dit kom so snaaks voor as ons die volksvreemde in die geleentheid stel om die EIE TE BEDREIG, en daarna te wil beskerm.”

TEEN MONUMENT OORSEE

Mev. J. Marais, Lady Grey, skryf:

Almal is op die oomblik hard besig om klaar te maak vir die Voortrekkermonument se inwyding. Ek sien ook daar is so 'n groot bedrag geld nodig vir die aankoop van wyle ons President Kruger se sterfhuis in Switserland. Is daar nie genoeg monumente hier in ons eie land nie? Verbeel jou 'n Volksmonument in Switserland. Daar kan beter werk met die groot bedrag geld gedoen word. Maak groot damme, of help ons arm Afrikaner-kinders. Ek sien in 'n nuus- (vervolg op bladsy 4, kolom 5)

100,000 werkers met een enkele gedagte!



Of 'n Spoorwegman nou ook al Hoofbestuurder, Kruier, Kok of Lokomotiefdrywer is, is hy steeds in die eerste plek 'n spoorwegman, bewus daarvan dat hy deel van 'n geweldige, ingewikkelde, en tog menslike organisasie uitmaak. Dit is hierdie één, eenvoudige gedagte wat vir u, die gebruiker van die Spoorweë, só veel beteken. Dit is die aansporing tot daardie ekstra beleefdheid, daardie ekstra diens wat u kry van spoorwegmanne wat trots op hul werk is, en van 'n organisasie wat trots op sy spoorwegmanne is.



SUID-AFRIKAANSE SPOORWEE

DIENS LANGS DIE HELE LYN

MOTIEF VIR AFTAKELING IN 1897 AL GEOPENBAAR

Verlede week het dr. Adenauer, Kanselier van Wes-Duitsland, interessante lig gewerp op die samesprekings van die drie buitelandse ministers, van Amerika, Brittanje en Frankryk onderskeidelik, in Parys. Hy het meegedeel dat belangrike besluite in verband met die aftakeling van Duitse fabriekse geneem is. Daar sal voortgegaan word met die aftakeling van fabriekse wat uitsluitlik toegespits is op die produksie van oorlogstuig. Ten aansien egter van staal- en sintetiese oliefabriekse word 'n mate van verligting toegestaan — die aftakeling van hierdie fabriekse sal voortaan op 'n sloergang geskied!

Die verklaring vir hierdie eienaardige besluit moet oënskynlik gesoek word in die dubbele en teenstrydige druk wat op die oorwinnaarsmoondhede uitgeoefen word.

Aan die een kant dring gevestigde kapitalistiese belange daarop aan dat die Duitse fabriekse afgetakel word sodat Duitsland kan ophou om as nywerheidsland voort te bestaan en gevolglik kan verdwyn as ekonomiese mededinger op die wêreldmark. Aan die ander kant moet die Westerse bondgenote met Kommunistiese Rusland meeding om die guns van die Duitse volk, en fabriekvernietiging in Wes-Duitsland word baie winsgewend deur die Russe uitgebuit. Dit is ongetwyfeld ook waar dat Duitse vriendskap vir die Westerse volke waardevoller geword het nadat Rusland in besit van die atoombom gekom het.

DIE PRYS

Kol. Patrick Miller, voormalige adjutant van sir Cecil Weir, die Britse ekonomiese adviseur in Duitsland, het die aftakelingsbeleid skerp aangeval in 'n artikel in die Duitse koerant Die Zeit, waarin hy o.m. verklaar: „Die prys van hierdie kortstygende beleid sal wees of oorlog, of die verskuiwing van die Ystergordyn tot aan die oevers van die Ryn, of die opkoms van 'n nuwe Führer wat sal ry op 'n golf van onkeerbare en emosionele nuwe Nazisme.”

Voorts skryf kol. Miller dat die Amerikaanse gesindheid teenoor aftakeling bepaal word „deur Standard Oil se uitgerekte handelsoorlog met die I. G. Farben-kartel.” Ter aanvulling

van hierdie verklaring kan genoem word dat nadat bekendgemaak is dat Duitsland se sintetiese oliefabriekse volgende aan die beurt gaan kom vir aftakeling, die Brusselse verteenwoordiger van die Standard Oil Company van New Jersey aangekondig het dat 'n nuwe maatskappy, die Esso-Standard Oil, 'n petroleum-raffineerderij in die hawestad Antwerpen gaan oprig! (Wes-Duitsland sal petrol en olie deur die hawe van Antwerpen moet invoer wanneer binnelandse raffineerderij vernietig is.)

OLIE-BELANGE

Na aanleiding van die Brusselse aankondiging skryf die Engelse blad Union:

„Ons vooroorlogse ondervinding het ons geleer dat die oprigting van fabriekse om petrol uit steenkool te tap deur die groot olie-maatskappye teenoewerwerk is. Dit het hulle gedoen ten spyte van die gevaar dat die land op sy knieë sou moes val in die vroeë stadiums van die oorlog toe elke druppel petrol deur gevaarlike duikboot-seë vervoer moes word in tenkskepe. Dit wil nou voorkom asof die maatskappye druk uitoefen om nou ook die produksie van sintetiese petrol in Duitsland te verhoed.”

50 JAAR GELEDE

Die huidige beleid wat deur die Geallieerdes in Duitsland gevolg word, herinner onheilspellend aan 'n brief van die Jood sir Alfred Mond wat op 11 September 1897 in die Londense „Saturday Review” verskyn het. Sir Mond het destyds reeds geskryf:

Roos ingestel. Hy het haar geloof vir die besondere goeie werk wat sy maar altyd gereed was om aan die O.B. te lewer, gedurende sommige van die moeilikste jare wat die Beweging moes deurmaak. Waar die O.B.-kantoor in Pretoria hom steeds baie goed van sy taak gekwyt het, kom die eer ook aan haar toe daar sy altyd die grootste gewilligheid en vlyt aan die dag gelê het. Mej. Roos het gepas geantwoord.

In 'n kort toespraak het die K.G. verwys na die afgelope 11 jaar van die O.B. se bestaan. Dit was 'n tyd van storm en drang wat gepaard gegaan het met gevare en groot opofferings vir diegene wat bereid was om by hul oortuiging te staan. Die O.B. het daardie gevare namens die Afrikaanderdom beveg en daardeur geskiedenis gemaak. Baie het van die strydtoneel gevlug, dog die O.B. het duur offers gebring, die prys wat betaal moes word was vir hom nie te hoog nie. Uit hierdie stryd het ons geërf 'n kosbare kameraadskap wat ons vir niks ter wêreld mag laat verlore gaan nie, want ook in die toekoms wanneer nuwe en groter gevare ons volksbestaan sal dreig, sal dit manne en vroue van die kaliber van die O.B. wees wat weer vir die volk in die bresse sal tree.

Nadat genl. Buys, wat aan die hoof van die O.B.-kantoor in Pretoria staan, die gaste welkom geheet en 'n paar woorde van waardering teenoor een van sy getrouste tiksters uitgespreek het, het genl. Van der Westhuysen die heildronk op mej.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Druckery Bepark, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepark, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

„Engeland en Duitsland ding met mekaar mee oor die hele wêreld; oral waar die Engelse handelaar mag gaan, daar daag sy Duitse teenhanger ook op. Of daar spoorweë gebou moet word, myne ontgin moet word, of net maar vrugte verkoop word, die een probeer altyd die ander uitdruk. Daar is miljoene sulke speldeprikkele en hulle vermenigvuldig tot die grootste casus belli wat die wêreld nog beleef het. As Duitsland van die aardbodem geveeg kan word sal elke individuele Engelsman daar baat by vind. Duitse skepe sal op die bodem van die oseaan lê of as buit in Engelse hawens gesleep word. Hamburg en Bremen, die Kiel-Kanaal en die Oossee-hawens sal in die bekke van ons kanonne kyk totdat hulle losgeld betaal is. As ons klaar is met Duitsland kan ons vir Frankryk en Rusland sê: „Julle wil ook kompensatie hê; wat wat julle wil van Duitsland; dit is julle s'n. Ceterum censeo Germaniam esse delendam! Vernietig Duitsland!”

En nou verneem ons van die Duitse Kanselier dat die Westerse Geallieerdes die Duitsers gaan tegemoetkom. Hoewel die meeste fabriekse nog afgetakel gaan word, sal andere egter op 'n sloergang afgetakel word!

WIL WEGBREEK VAN BRITSE PARLEMENT

Die Skotse hertog van Montrose, wie se voorouers twee eeu gelede gehelp het om die Engelse en Skotse parlemente te help verenig, lei tans 'n beweging om hulle weer te skei. 'n Vereniging is gestig wat onderneem het dat hy alles in sy vermoë sal doen om 'n Skotse parlement in Edinburgh daar te stel. Twee Skotse verteenwoordigers in die Britse parlement het reeds steun aan die beweging beloof.

BESLAGLEGGING OP DIE GEES VEEL BETER VIR EMPIRE

Die waarskuwing dat uiterlike en formele instellings om die Britse Statebond nouer aan mekaar te verbind, „oneindige skade aan die lewende samestelling van die Statebond” sal veroorsaak, is verlede week deur die Britse onderminister van statebondsbetrekkinge uitgespreek toe hy die Konserwatiewe Party se plan om 'n permanente skakelpersoneel en 'n verenigde statebondsbank in die lewe te roep, veroordeel het.

Hy het die Konserwatiewe Party beskuldig dat hy veragter die tyd is in statebondsaangeleenthede. „In Europa tree ons op by wyse van verdrae en vergaderings, maar dit is nie hoe ons in die Statebond optree nie. Laasgenoemde se eenheid kan alleen gebou word op die steeds nouere assosiasie van vrye volke wat so nou ver-

Kindertjies Slaap en Speel

(vervolg van bladsy 2, kolom 5)

3 BEDDENS OPMEKAAR

Elke kajuit het smal beddens wat oormekaar teen die muur staan, soms drie oormekaar en gewoonlik twee kante van die vertrekke opneem, en aan die derde muur is net nog plek vir 'n klein tafeltjie of kissie waarop die belangrikste besittings van elke vlugtelingsgesin staan: 'n wekker en 'n warmplaat. Daaroor hang die min klere van die gesin, asook kiekies van hul ou tuisde in die Ooste en kiekies van familieleden — 'n broer, 'n seun, die vader — wat gesneuwel het of nog in Russiese gevangenskap is. Dit is al.

In Kajuit No. 12 woon 'n jong paartjie met 'n baba van drie maande. Die man het 'n been verloor en werk as hulpswerker in 'n voedselabriek. Langsaan woon 'n familie van vyf lede — 'n moeder met vier kinders, 8, 12, 14 en 18-jarige seuns en dogters. Twee van hierdie kinders is oorlogswesies — familieleden van die moeder. Sy werk as bediende in 'n hotel om hulle lewe te onderhou.

Die kajuit langs hulle word bewoon deur 'n sewentigjarige egpaar uit die Ooste. Die man is 'n straatkoonmaker. Voorheen was hy 'n boer. Sy klein loon is net genoeg om hulle huur van 5 Deutsche mark per week te betaal en 'n bietjie kos te koop.

Regoor hulle, in Kajuit No. 18, woon sedert drie jare 'n oudsoldaat met sy vrou. Hy is swaar in sy longe gewond, maar hulle kry nie 'n ander woonplek as hierdie ongesonde plek — wat vir hom uiteindelik, sonder vars en skoon lug, die dood sal beteken. „Daar is geen staatsdepartement of ander organisasie wat vir ons kan help nie” beweert die jong vrou; „ek het alles probeer en sonder sukses.”

WERK- EN SPEELPLEK

In die tweede „verdieping” is dit nie veel anders nie, net dit is nog 'n bietjie kouer. In die gemeenskaplike woonkamer — omtrent so groot soos drie kajuitjies saam — moet die mense stryk, lap en ander werkies doen. Hier speel ook die kinders; aan hulle bleek gesigte kan mens duidelik die uitwerking van die kelderlug sien. Ten spyte van die beknopte plek, en die uiters primitiewe geriewe, is alles blink en skoon. Danksy heidre inspanning van die Duitse vrou is betreklik min gevalle van akute toring opgemerk. Een vrou sê: „net die van ons wat hierdie vreeslike siekte het, kry die voorreg om bokant die grond te kan woon”, en kyk besorgd na haar agt-

jarige seuntjie. Hy het in die laaste tyd begin hoës

Wanneer sal die mense wat in die sonlig oor die markplein stap, hierdie lyding en ellende besef? Wanneer sal dit deurdring tot diegene wat daarvoor verantwoordelik is deur die Potsdamse Ooreenkoms te teken?

Die vrees dat hierdie dag nog ver in die toekoms lê word bekrachtig deur die neiging van Engelse buitelandse politiek om Duitse anti-kommunisme as wêreldgevaar te bestempel.

Die werklike gevaar van hierdie vyfde stand, die vlugteling, bestaan daarin dat hulle deur omstandighede in die teenoorgestelde rigting gedryf word, nl. in die arms van die Kommunisme.

Kettingreaksie Van Rituele Moorde

Rituele moorde het in die jongste tyd so toegeneem in Basoetoland dat die regter wat 'n saak verlede week verhoor het, by die Britse regering aanbeveel het om kapteins wat van die misdaad aangekla word, maar teen wie nie genoegsame getuïenis gevind kan word nie — iets wat weens die gesag van die kapteins moeilik verkrygbaar is — in die pad te steek sodat hul invloed gebreek kan word.

In die betrokke geval verlede week is beweer dat die moord op 'n ou naturellevrou gepleeg is ten einde „medisyne” in hande te kry waarmee die harte van die witmense „gedokter” kon word sodat hulle 'n ander kaptein wat aangekla was van 'n rituele moord, sou vrysprek!

Russe Kan Bom 100 Maal Sterker Maak

Op 'n geheime vergadering van Amerikaanse atoom-wetenskaplikes is verlede week tot die gevolgtrekking gekom dat „Rusland net soos die Verenigde State, teoreties in staat is om 'n atoombom te maak wat van 75 tot 100 maal so vernietigend is as die bom wat op Hiroshima neergewerp is.”

pleging met alle lede elke dag,” het hy gesê.

Bostaande aanhalings bevestig dat ons nog altyd verkondig het: dat die Britse imperialisme doodtevrede is om allerlei skyn van selfstandigheid aan die voormalige kolonies of dominiums te verleen solank hulle in wese nog vir hom behoue te bly — soos dr. Malan self in die parlement verlede Mei gesê het: „Namate die bande losser gemaak is, is daar steeds meer beslag gelê op die gees.”

Per slot van sake is die vrywillige slaaf veel meer diensbaar en dus 'n groter bate as die slaaf wat in kettings gehou moet word. Daarom dat die Britse minister van statebondsbetrekkinge sy opposisie-kollegas kan waarsku dat hulle met formele bande net oneindig veel skade aan hierdie „lewende samestelling” kan aanrig.